DIE JONGSTE INLIGTING OOR OLD MUTUAL UNIT TRUSTS SE OORSKAKELING NA DIE NUWE ADMINISTRASIESTELSEL

VRAE & ANTWOORDE-DOKUMENT VIR KLIËNTE

JUNIE 2021

In 2019 het Old Mutual Unit Trusts met 'n projek begin om optimale bedryfsdoeltreffendheid te verkry deur Old Mutual Unit Trusts by dieselfde administrasiestelsel as dié van Old Mutual Wealth te laat inskakel. Hierdie projek is beplan om in twee fases plaas te vind: die eerste was die oordrag van voor- en na-aftredeprodukte, in Augustus 2019. Die tweede is die oordrag van diskresionêre produkte (nie-aftreeprodukte soos standaard-effektetrusts en belastingvrye beleggings), wat beplan word vir die naweek van **6 Augustus 2021.**

VOORDELE VIR U AS ONS KLIËNTE

Die doeltreffende bestuur van u beleggings, bystand om u finansiële doelwitte te help verwesenlik, en uitnemende dienslewering is sleutelaspekte wat 'n invloed het op die manier waarop ons ons produkte en dienste saamstel. Hierdie aspekte bly die middelpunt van ons fokus om te verseker dat hierdie oorskakeling so glad as moontlik verloop.

Ons advies en aanlyn selfbedieningsplatform bied u die volgende voordele:

- Onmiddellike goedkeuring van registrasie op die webwerf, wat u **onmiddellike toegang tot veilige verslagdoening en aanlyn transaksiefunksionaliteit** gee as u nog nie op die beveiligde webwerf geregistreer het nie.
- Volledige finansiële beplanningshulpmiddels vir spesifieke behoeftes, wat seepglad **integreer met transaksiehulpmiddels wat u in staat stel om maklik direk aanlyn te belê en transaksies te doen**, en u help om u finansiële doelwitte te bereik.
- **Omvattende beleggingsverslagdoening en transaksievermoë** binne 'n beveiligde aanlyn omgewing wat 24 uur per dag beskikbaar is.
- 'n **Verbeterde aanlyn transaksiegoedkeuringsproses** wat u toelaat om transaksies te aanvaar wat deur u beplanner ingedien is (waar van toepassing).
- Die vermoë om **alle transaksies wat** deur u of u beplanner **ingedien is**, aanlyn **na te spoor**.
- Toegang tot al u beleggings, en u kan sien hoe u vorder om u finansiële doelwitte te bereik.

VERSTAAN DIE BESONDERHEDE

Hierdie oorskakeling is net 'n verandering van administrasiestelsel en dit het geen impak op u beleggings en die onderliggende fondse nie. Ter voorbereiding vir die oorskakeling, is daar verskeie belangrike datums en administratiewe veranderings waarvan u bewus moet wees om 'n doeltreffende ervaring met die oordrag van u belegging(s) te verseker.

Lees asseblief die inligting hieronder, wat meer besonderhede beskaf.

HOE BELEGGINGS GERAAK WORD

WAT GEBEUR MET MY KLIËNTNOMMER(S)?

Ná die oordragdatum sal u een enkele kliëntnommer hê, selfs al het u meer as een kontrak. As u net beleggings van Old Mutual Unit Trusts het, sal u u Old Mutual Unit Trusts-kliëntnommer behou. As u egter beleggings by beide Old Mutual Unit Trusts en Old Mutual Wealth het, sal u u bestaande Old Mutual Wealth-kliëntnommer vir albei behou. Dit sal voortaan u unieke kliëntnommer wees.

INDIEN U DIE VOLGENDE HET:	SAL U:
Slegs Old Mutual Unit Trusts-beleggings*	U bestaande Old Mutual Unit Trusts-kliëntnommer behou
Old Mutual Unit Trusts-beleggings **EN** Old Mutual Wealth-beleggings	U bestaande Old Mutual Wealth-kliëntnommer vir beide behou

* Indien u huidige Old Mutual Unit Trusts-kliëntnommer reeds op die Old Mutual Wealth-stelsel bestaan, sal u 'n nuwe kliëntnommer ontvang.

WAT GEBEUR AS EK MEER AS EEN KLIËNTNOMMER HET?

U kan **ná die oordrag net een kliëntnommer** hê. As u voorheen meer as een kliëntnommer vir u onderskeie beleggings ontvang het, sal slegs die inligting gekoppel aan **die laaste kliëntnommer wat aan u uitgereik is**, oorgedra word. Al u beleggingskontrakte sal dan aan hierdie laaste uitgereikte kliëntnommer gekoppel word.

SAL DIE PRODUKREKENING-GROEPNOMMER EN FONDSREKENINGNOMMER DIESELFDE BLY?

Nee. Ná die oorskakeling sal die Produkrekening-groepnommer die **Beleggingskontraknommer** genoem word, en dit sal 'n nuwe nommer wees. U sal in u kwartaalstaat van September 2021 oor u nuwe kontraknommer ingelig word en 'n skakel kry om by die beveiligde kliëntewebwerf uit te kom.

Daar kan een of meer fondse binne elke beleggingskontrak wees. Die huidige Old Mutual Unit Trusts-kliëntrekeningnommers sal vir diensdoeleindes oorgedra word.

Waar u miskien verskeie beleggings in dieselfde effektetrustfondse binne dieselfde kontrak het (d.i. vir dieselfde produk), sal hierdie afsonderlike effektetrusts (d.i. Fondsrekeninge) verdeel word tussen afsonderlike beleggingskontrakte (wat elk die betrokke effektetrustfonds bevat), aangesien elke beleggingskontrak slegs een belegging per effektetrustfondsklas kan hê.

As u meer as een kliënt-entiteit het wat vir Old Mutual Unit Trusts opgestel is, sal hierdie entiteite met die oorskakeling gekonsolideer word.

Waar hierdie Old Mutual Unit Trusts-fondsrekeninge "benoem" is of waar 'n rede vir die belegging gegee is, sal hulle na die nuwe kontrak op die nuwe administrasieplatform oorgedra word.

SAL MY BESTAANDE FONDSE EN FONDSKLASSE OORGEDRA WORD?

Ja. Al u bestaande fondse sal in hul bestaande fondsklasse na die nuwe stelsel oorgedra word. Alle fondse wat tans deur Old Mutual Unit Trusts beskikbaar is, sal slegs beskikbaar wees vir die produkte wat oorgedra word.

SAL DIE FONDSMINIMUMS DIESELFDE BLY?

Nee. **Fondsminimums sal nou deur minimum bedrae vir beleggingskontrakte vervang word.** Dit beteken die minimum beleggingsbedrae van R500 per maand of R10 000 vir 'n enkelbedragbelegging geld nie meer per fonds nie, maar **per beleggingskontrak**. Dit skep vir kliënte 'n geleentheid om kleiner bedrae te belê wat oor baie fondse binne hul beleggingskontrak versprei word.

INDIENING VAN TRANSAKSIES VOOR DIE OORSKAKELING

Die afsnydatums hieronder sal verseker dat alle transaksies afgehandel word en dat Old Mutual Unit Trusts-kontrakte gereed is vir oordrag op **6 Augustus 2021**.

Terwyl die oordrag vir 6 Augustus 2021 beplan word, moedig ons u aan om u transaksies (met al die stawende dokumente waar van toepassing) **voor 15h00 op 5 Augustus 2021** in te dien. Dit sal verseker dat daar nie ten tyde van die stelseloorskakeling nog onafgehandelde transaksies is nie.

31 JULIE 2021

- Beleggings vir **nuwe kliënte**
- **Nuwe herhalende debietorderopdragte**
- Veranderings aan **bestaande debietorderopdragte**
- Veranderings aan **bestaande kliënte se persoonlike besonderhede**

5 AUGUSTUS 2021

Nuwe of addisionele beleggings via **eenmalige debietorder**

6 AUGUSTUS 2021: OORSKAKELING NA NUWE ADMINISTRASIESTELSEL

- **Nuwe en addisionele beleggings, en kontrakveranderings** vir bestaande kliënte
- **Omskakelings en onttrekkings**
- Oordragte, sessies, doodseise

VANAF 10 AUGUSTUS 2021

Nuwe aansoekvorms sal beskikbaar wees via die **Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde kliëntewebwerf,** of so nie kan u die volgende transaksies* aanlyn indien:

- Nuwe en addisionele beleggings
- Kontrakveranderings
- Omskakelings
- Onttrekkings

* Aansoekvorms is nog steeds nodig vir aftreekennisgewings, sessies, oordragte en doodseise.

Neem asseblief kennis dat die huidige Old Mutual Unit Trusts-aansoekvorms slegs geldig is tot 6 Augustus 2021. Dit beteken enige transaksie-opdragte wat op hierdie vorms ingevul en ná 6 Augustus ingedien word, sal nie verwerk word nie. Vanaf 10 Augustus 2021 kan u direk aanlyn via die Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde kliëntewebwerf transaksies uitvoer, of so nie kan u die nuwe vorms gebruik wat op Old Mutual Unit Trusts se openbare webwerf www.oldmutualinvest.com beskikbaar is.

AS 'N BESTAANDE KLIËNT, KAN EK NOG STEEDS NUWE OF ADDISIONELE BELEGGINGS INDIEN?

Ja.

VIA EENMALIGE DEBIETORDER

Enige nuwe of addisionele beleggings wat **per eenmalige debietorder** ingedien word, moet voor of op **5 Augustus 2021** afgehandel word, insluitend stawende dokumente en vereistes.

VIA HERHALENDE DEBIETORDER

Ter voorbereiding vir die oorskakeling, is die laaste datum vir die indiening van **nuwe herhalende debietorderopdragte 31 Julie 2021**. Invordering van debietorders word hervat vanaf **12 Augustus 2021**. Indien die transaksie nie teen **31 Julie 2021** ontvang word nie, kan u of u beplanner (waar van toepassing) dit via die onderskeie Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde kliënte- en beplannerwebwerwe indien vanaf **10 Augustus 2021**.

VIA ELEKTRONIESE FONDSOORPLASING (EFO)

Nuwe of addisionele beleggings in bestaande Old Mutual Unit Trusts diskresionêre beleggings **via EFO** moet afgehandel word (sonder uitstaande vereistes) teen nie later nie as **15h00 op 6 Augustus 2021**.

WAT SAL MET BESTAANDE DEBIETORDERS GEBEUR WAT GEDURENDE DIE OORSKAKELINGSTYDPERK GESKEDULEER WORD?

Enige debietorders wat vir 7, 8, 9 en 10 Augustus 2021 geskeduleer word, sal op **10 Augustus 2021** afgetrek word, nadat die oorskakeling afgehandel is. Dit sal help om transaksie-aktiwiteit gedurende hierdie tydperk te beperk, en 'n gladder oorskakelingsproses verseker.

KAN EK NOG STEEDS OMSKAKELINGS EN ONTTREKKINGS INDIEN?

Alle omskakelings en onttrekkings, hetsy eenmalig of herhalend, moet ingedien word teen nie later nie as **15h00 op 6 Augustus 2021**. Indien die transaksie-opdrag nie teen hierdie datum ontvang word nie, sal u of u beplanner (waar van toepassing) dit via die aanlyn omskakelings- en onttrekkingstransaksiefasiliteit op die onderskeie Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde kliënte- en beplannerwebwerwe moet indien vanaf **10 Augustus 2021**. Andersins sal **nuwe vorms** op Old Mutual Unit Trusts se openbare webwerf beskikbaar wees vanaf **10 Augustus 2021**.

KAN OORDRAGTE, SESSIES OF DOODSEISE NOG GEDURENDE HIERDIE TYDPERK INGEDIEN WORD?

Transaksies soos 'n oordrag van eienaarskap, 'n sekuriteitsessie of 'n doodseis kan nog ingedien word tot **15h00 op 6 Augustus 2021**. Vir transaksies van hierdie aard sal u ná die oorskakeling bygewerkte vorms moet gebruik wat vanaf **10 Augustus 2021** beskikbaar sal wees **op Old Mutual Unit Trusts se openbare webwerf asook op die Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde kliënte- en beplannerwebwerwe**.

KAN EK NOG VERANDERINGS INDIEN?

Enige veranderings aan u **persoonlike besonderhede** moet ingedien word teen **31 Julie 2021**.

Alle **kontrakveranderings (bv. veranderings aan bestaande debietorders)** moet ingedien word teen **15h00 op 6 Augustus 2021**. Indien die transaksie nie teen hierdie datum ontvang word nie, kan dit via die aanlyn **Kontrakveranderings-transaksiehulpmiddel** op die Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde kliëntewebwerf ingedien word vanaf **10 Augustus 2021**. Andersins sal **nuwe vorms** op Old Mutual Unit Trusts se openbare webwerf beskikbaar wees vanaf **10 Augustus 2021**.

INDIENING VAN TRANSAKSIES NA DIE OORSKAKELING

KAN EK NÁ DIE OORSKAKELING NOG STEEDS PAPIERVORMS GEBRUIK OM TRANSAKSIES IN TE DIEN?

Ja. Vanaf **10 Augustus 2021** sal nuwe Old Mutual Unit Trusts-vorms beskikbaar wees op Old Mutual Unit Trusts se openbare webwerf. Anders kan u 'n verskeidenheid aanlyn transaksiehulpmiddels gebruik om:

- u persoonlike inligting op datum te bring
- nuwe beleggings in te dien
- u bestaande beleggings te bestuur (bv. addisionele beleggings, omskakelings, onttrekkings of kontrakveranderings).

* Meer inligting oor die transaksiehulpmiddels op die Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde webwerwe sal nader aan die oorskakelingsdatum aan u deurgegee word.

SAL DIE STEMTRANSAKSIEDIENS NOG BESKIKBAAR WEES NÁ DIE OORSKAKELING?

Ja.

SPOOR U TRANSAKSIES AANLYN NA

Die aanlyn Transaksienasporingshulpmiddel wat op die Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde webwerwe beskikbaar is, stel u in staat om die vordering van transaksies wat deur u en u beplanner ingedien* is na te gaan, en u kan ook sien of daar enige uitstaande inligting is wat verskaf moet word.

* Neem asseblief kennis dat enige transaksies wat **voor die oorskakeling** ingedien is, nie ná die oorskakeling in die Transaksienasporingshulpmiddel op die Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde webwerwe te sien sal wees nie.

IMPAK OP KLIËNTE MET VERSKEIE BELASTINGVRYE BELEGGINGSKONTRAKTE NÁ DIE OORSKAKELING

- **KAN BYDRAES TOT MEER AS EEN AKTIEWE BELASTINGVRYE BELEGGINGSKONTRAK VOORTGAAN NÁ DIE OORSKAKELING?**

  Nee. Om seker te maak dat u binne die bydraeperke van die Belastingvrye Belegging bly, sal die nuwe administrasiestelsel u nie toelaat om aanlyn transaksies te doen as u meer as een Belastingvrye Belegging binne Old Mutual het nie. As u tans meer as een Belastingvrye Belegging binne Old Mutual het, sal u met Old Mutual Unit Trusts se dienssentrum moet skakel om hierdie beleggings vir u te konsolideer. Dit sal gedoen moet word voordat u met transaksies op die belegging kan voortgaan.

- **SAL GESKEDULEERDE DEBIETORDERVERHOGINGS OP BELASTINGVRYE BELEGGINGS VOORTGAAN NÁ DIE OORSKAKELING?**

  Nee. Die nuwe administrasiestelsel laat nie geskeduleerde debietorderverhogings op hierdie beleggings toe nie. Dit is om te verseker dat u nie u bydraeperke vir belastingdoeleindes oorskry nie. Daarom sal enige bestaande geskeduleerde debietorderverhogings verwyder word.

IMPAK OP TRANSAKSIES IN GELDMARKFONDSE NÁ DIE OORSKAKELING

Tans moet alle transaksieversoeke in Geldmarkfondse op enige werkdag voor 13h00 ingedien word. Vanaf **10 Augustus 2021 verander die afsnytyd vir Geldmarkfonds-transaksies na 12h30**.

KAN EK NÁ DIE OORSKAKELING HERHALENDE OMSKAKELINGS INDIEN?

Ja, u kan herhalende omskakelings indien deur die Old Mutual Unit Trusts Omskakelingsvorm in te vul en dit per e-pos by Old Mutual Unit Trusts se dienssentrum in te dien by uttransactions@oldmutual.com.

VERANDERINGS AAN FINANSIËLE BEPLANNERFOOIE

(Van toepassing waar u hierdie fooie met u aangestelde beplanner beding het)

DEURLOPENDE FINANSIËLE BEPLANNERFOOIE

Jaarlikse adviseursfooie loop tans daagliks op en word aan die einde van die maand betaal. Ná die oorskakeling sal hierdie deurlopende finansiële beplanningsfooie teen maandeinde bereken word op grond van die bates onder bestuur wat in die kontrak gehou word. Hierdie verandering sal vir Augustusmaand in werking tree en betaling sal vroeg in September plaasvind.

FINANSIËLE BEPLANNERFOOIE OP DEBIETORDERS

U kan tans meer as een finansiële beplanner hê wat aan u beleggingskontrak gekoppel is – u kan byvoorbeeld 'n **ander beplanner hê wat 'n fooi gekoppel aan 'n herhalende debietorder verdien**, terwyl u nog steeds 'n Voorkeurdienstussenganger het wat 'n deurlopende finansiële beplanningsfooi verdien wat aan u hele beleggingskontrak gekoppel is.

Die nuwe administrasiestelsel maak slegs vir een finansiële beplanner per beleggingskontrak voorsiening, wat as die Voorkeurdienstussenganger erken word. Dit beteken finansiële beplannerfooie wat aan debietorders gekoppel is, sal ná die oorskakeling slegs betaal word aan die finansiële beplanner wat as u Voorkeurdienstussenganger op u beleggingskontrak aangestel is.

TOEGANG TOT OLD MUTUAL UNIT TRUSTS SE BEVEILIGDE WEBWERWE

Kliënte en beplanners kan gedurende die tyd voor die oorskakeling, tot **5 Augustus 2021**, nog steeds Old Mutual Unit Trusts se beveiligde webwerf gebruik om na standaard-effektetrusts en belastingvrye beleggingskontrakte te kyk en transaksies daarop uit te voer.

Ná die oorskakeling sal waardes vir die Old Mutual Unit Trusts-beleggingskontrakte, aanlyn transaksiefunksionaliteit, kliëntinligting en transaksiegeskiedenis oorgeplaas word en op die nuwe Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde beplanner- en kliëntewebwerwe beskikbaar wees. Hierdie inligting sal nog steeds toeganklik wees via die Login-skakel op ons openbare webwerf se tuisblad https://www.oldmutualinvest.com/individual



HOE KRY EK NÁ DIE OORSKAKELING TOEGANG TOT DIE OLD MUTUAL WEALTH & UNIT TRUSTS BEVEILIGDE KLIËNTEWEBWERF?

U sal outomaties toegang tot die **Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde kliëntewebwerf** kan kry deur dieselfde aanmeldbesonderhede as vir Old Mutual Secure Services te gebruik, as u reeds geregistreer is

As u dit nog nie gedoen het nie, moedig ons u aan om op Old Mutual Secure Services te registreer sodat u gereed is om toegang te kry tot die selfbedienings- en transaksiefunksionaliteit wat ná die oorskakeling vir u beskikbaar sal wees.

U sal ook via MyOldMutual op die beveiligde webwerf en via die Old Mutual App of die Old Mutual Wealth App toegang kan kry tot u beleggingsinligting.

NOTA: As u op Secure Services geregistreer is, kry u outomaties toegang tot die OM Wealth Kliënterol wat u in u lys van rolle sal sien. Ná die oorskakeling sal hierdie rol 'n nuwe naam kry, naamlik **"Wealth and Unit Trusts Client"**. Kies net hierdie rol om toegang te kry tot die **Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde kliëntewebwerf.**

DERDEPARTY-GEMAGTIGDE VERTEENWOORDIGERS SE WEBWERFTOEGANG NÁ DIE OORSKAKELING

Indien daar derdeparty-gemagtigde verteenwoordigers is wat tans toegang het tot u profiel op Old Mutual Unit Trusts se beveiligde webwerf, sal hul toegang oorgedra word na die Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde webwerf. As u aan enige bykomende verteenwoordigers toegang wil gee, kan u dit doen via die **Gedelegeerde Magtiging-funksionaliteit** op die Old Mutual Secure Services-webwerf.

GEDELEGEERDE MAGTIGING-FUNKSIONALITEIT

Die Gedelegeerde Magtiging-funksionaliteit laat u toe om aan gemagtigde verteenwoordigers toegang tot u aanlyn profiel te verleen. U kan u gedelegeerde gebruikers vanaf die oorsigskerm **Manage delegated user access** op Old Mutual Secure Services se tuisblad (sien onder) bestuur, waar u kan beheer wie toegang tot u profiel het.



Die oorsigskerm **Manage delegated user access** laat u toe om:

- 'n Gebruiker te nomineer om die inligting waartoe u toegang het, te sien via Nominate a user for delegated access
- Te bestuur wie toegang tot u profiel het, via My delegated users
- Die gedelegeerde toegang wat ander gebruikers aan u gegee het, te bestuur via My delegated access
- Gedelegeerde toegang tot 'n ander gebruiker se profiel (bv. volmag, minderjariges, trusts, ens.) te versoek, via Request delegated access
- Aansoek te doen om toegang tot meer Old Mutual-webwerwe, via Access more Old Mutual sites.

'n **Toeganghersieningsperiode** van **tussen 1 en 6 maande** kan gestel word. U sal 'n kennisgewing ontvang wanneer die hersiening gedoen moet word. Op daardie stadium kan die gebruiker se toegang onveranderd gehou of aangepas word.

AANSOEK OM TOEGANG

Wanneer u 'n gemagtigde verteenwoordiger via die opsie Nominate a user for delegated access vir gedelegeerde magtiging nomineer, sal die gemagtigde verteenwoordiger 'n e-pos ontvang (getiteld **"Old Mutual Secure Services: Delegated Access Invitation"**). Hierdie e-pos sal bevestig wie die nomineerder is en die stappe uiteensit wat gevolg moet word om die nominasie te aanvaar.

Wanneer die aansoek om toegang afgehandel is (d.i. die aansoek is óf goedgekeur óf afgewys), sal u sowel as die gemagtigde verteenwoordiger **bevestiging per SMS** ontvang.

BEËINDIGING VAN TOEGANG

OUTOMATIESE BEËINDIGING VAN DERDEPARTY-GEMAGTIGDE VERTEENWOORDIGER
Indien die profiel dié van 'n minderjarige is, sal enige toegang wat aan 'n gedelegeerde gebruiker verleen is onmiddellik staak **wanneer die minderjarige die wettige ouderdom van 18 jaar bereik**.

WAT IS DIE IMPAK OP DIE AANLYN BELEGGINGAANSOEK WAT OP ONS OPENBARE WEBWERF BESKIKBAAR IS?

Vanaf **31 Julie 2021** sal belegging via die bestaande Aanlyn Beleggingsaansoekvorm op ons openbare webwerf nie meer toegelaat word nie. Vanaf **10 Augustus 2021** kan alle direkte aanlyn beleggings in produkte van Old Mutual Unit Trusts via die Old Mutual Wealth & Unit Trusts beveiligde kliëntewebwerf gedoen word.

IMPAK OP U KORRESPONDENSIE

KAN EK NOG STEEDS NÁ DIE OORSKAKELING MY BESONDERHEDE OP DATUM BRING OF ADDISIONELE BELEGGINGS DOEN VIA MY E-POS KWARTAALSTAAT (INFOSLIPS INTERAKTIEWE STAAT)?

Vanaf Junie 2021 bied ons e-poskwartaalstate nie meer die opsie om via hierdie aanlyn diens u besonderhede op datum te bring of u effektetrustbeleggings aan te vul nie. Omdat ouer e-poskwartaalstate gebruik kan word om besonderhede te verander, sal die laaste datum om enige veranderings via InfoSlips te doen **31 Julie 2021** wees.

Ná die oorskakeling sal u kwartaalstate volgens u kommunikasievoorkeur ontvang vanaf dieselfde rapporteringsplatform as wat Old Mutual Wealth gebruik. Indien u beide Old Mutual Wealth- en Old Mutual Unit Trusts-beleggings het, sal u een kwartaalstaat vir al u beleggings ontvang.

IS DAAR ENIGE IMPAK OP BELASTINGSERTIFIKATE?

IT3S-, IT3B- & IT3C-SERTIFIKATE

As gevolg van die oorskakeling sal kliënte twee belastingsertifikate ontvang vir die **2021/2022-belastingjaar** – een vir elk van die volgende tydperke:

- 1 Maart 2021 – 6 Augustus 2021
- 7 Augustus – 28 Februarie 2022

VOORLOPIGE BELASTINGSTATE

Hoewel voorlopige belastingstate nie voorheen vir Old Mutual Unit Trusts-kliënte gegenereer is nie, was die data beskikbaar in verslae op die Old Mutual Unit Trusts beveiligde webwerf of deur dit by ons dienssentrum aan te vra.

Ná die oorskakeling sal 'n voorlopige belastingstaat vir die tydperk 7 Augustus 2021 tot 28 Februarie 2022 vir u gegenereer word (as u 'n voorlopige belastingbetaler is). Hierdie staat sal op die Old Mutual Wealth & Unit Trusts

beveiligde kliëntewebwerf beskikbaar wees, waar u toegang tot die staat kan kry.

AANMOEDIGING OM NA ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE OOR TE SKAKEL

Met die immer toenemende gebruik van tegnologie glo Old Mutual Unit Trusts aan die voordele om korrespondensie eerder per e-pos as gewone pos te stuur. Met e-poskorrespondensie kan u:

- Kies om **addisionele korrespondensie te ontvang** (soos transaksiekennisgewings) wat nie met poskorrespondensie beskikbaar is nie
- Voordeel trek uit die **doeltreffende aflewering** van korrespondensie, met 'n laer koolstofvoetspoor in vergelyking met gewone pos
- Verseker dat die korrespondensie wat aan u gestuur word veilig is, want dit word deur 'n **wagwoord beskerm** sodat u persoonlike inligting veiliger is
- **Relevante markverwante kommunikasie** en nuusbriewe **ontvang** wat u op hoogte hou van die jongste markbewegings en neigings.

As u bestaande kommunikasievoorkeur gewone pos is, wil ons u aanmoedig om u e-posadres aan ons te verskaf en u korrespondensievoorkeur na e-pos te verander. Die korrespondensievoorkeur wat u voor die oorskakeling het, sal dieselfde bly ná die oorskakeling.

DIENSSENTRUMBESONDERHEDE BLY DIESELFDE

Old Mutual Unit Trusts se dienssentrum sal toegerus wees om navrae oor die oorskakeling en algemene navrae tot en met die oorskakeling op **6 Augustus 2021** te beantwoord. Die **kontakbesonderhede sal dieselfde bly** ná die oorskakeling.

Kontaknommer: **0860 234 234**

E-posadres: **unittrusts@oldmutual.com**

Old Mutual Unit Trust Managers (RF) (Pty) Ltd is 'n geregistreerde bestuurder ingevolge die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, Wet 45 van 2002. Die fondsfooie en -koste wat ons hef om u belegging te bestuur, word in die betrokke fonds se minimum openbaarmakingsdokument (MDD) of tabel van fooie en heffings uiteengesit, wat beide op ons openbare webwerf of deur ons kontaksentrum beskikbaar is. Old Mutual is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA).